

MM - 45



HUMANITAS  
RGN + HSRC

**die werktevredenheid van blanke  
natuurwetenskaplikes in die rsa**




001.3072068  
MM 45  
HSRC

**raad vir geesteswetenskaplike navorsing**

## Funksie van die RGN

Institute van die RGN  
Geeskiedenisnavorsing  
Inligting en Spesiale Dienste  
Kommunikasiensnavorsing  
Naomerkragnavorsing  
Opvoedkundige Navorsing  
Psigometriese Navorsing  
Sosioleuse, Demografiese en Kriminologie Navorsing  
Statistiese Navorsing  
Taal, Lettere en Kunse  
Administrasie



22698



HUMANITAS  
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK  
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

|              |             |  |  |
|--------------|-------------|--|--|
| 27 MAR 1975  |             |  |  |
| 30. 9. 77    | 1990-01-22  |  |  |
| - 9 MAR 1979 | 30 NOV 1991 |  |  |
|              |             |  |  |
| 1982-01-31   |             |  |  |
| 1983-01-31   |             |  |  |
| 1983-03-31   |             |  |  |
| 1983-03-31   |             |  |  |
| 1983-10-15   |             |  |  |
| 1986-11-20   |             |  |  |
| 1987/04/07   |             |  |  |

001.3072068 HSRC MM 45

\* 0 4 9 0 9 7 \*

0 0 0 0 4 0 0 0 0



2844363866



**SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING**

**DIE WERKTEVREDENHEID VAN BLANKE  
NATUURWETENSKAPLIKES IN DIE RSA**

**S. S. TERBLANCHE, B.A. (Hons.), B.Sc.**

**INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING  
DIREKTEUR: W. VERHOEF**

**PRETORIA  
1973  
Verslag nr. MM-45**

**Kopiereg voorbehou  
Prys R2,05**

ISBN 0 86965 143 9

TABELLE

BLADSY

|     |   |    |
|-----|---|----|
| 1.1 | GESLAGSVERDELING VAN DIE NATUURWETENSKAPLIKES IN<br>DIE NASIONALE REGISTER (GROEP A) EN DIE RESPON= |    |
|     | DENTEGROEP (GROEP B)  | 13 |
| 1.2 | OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE NATUURWETENSKAPLIKES<br>IN DIE NASIONALE REGISTER (GROEP A) EN DIE    |    |
|     | RESPONDENTEGROEP (GROEP B)  | 13 |
| 1.3 | HOOGSTE KWALIFIKASIEPEIL VAN DIE NATUURWETENSKAP=   |    |
|     | LICKES IN DIE NASIONALE REGISTER (GROEP A) EN DIE   |    |
|     | RESPONDENTEGROEP (GROEP B)  | 14 |
| 1.4 | VERSPREIDING VAN ALLE HOOFVAKKE EN STUDIERIGTINGS<br>VIR DIE NATUURWETENSKAPLIKES IN DIE NASIONALE  |    |
|     | REGISTER (GROEP A) EN DIE RESPONDENTEGROEP  |    |
|     | (GROEP B)   | 14 |
| 1.5 | BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS<br>GESLAG  | 15 |
| 2.1 | ALGEMENE VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN ONDERSOEK=   |    |
|     | GROEP VOLGENS NATUURWETENSKAPLIKE GROEP   | 19 |
| 2.2 | VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN NATUURWETENSKAPLIKES  |    |
|     | VOLGENS OUDERDOM  | 21 |
| 2.3 | VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN NATUURWETENSKAPLIKES  |    |
|     | VOLGENS WERKGWER  | 26 |
| 2.4 | VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN NATUURWETENSKAPLIKES  |    |
|     | VOLGENS BEROEPSFUNKSIE  | 28 |
| 2.5 | VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN NATUURWETENSKAPLIKES  |    |
|     | VOLGENS SALARIS   | 29 |
| 2.6 | VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN SUIWER NATUURWETEN=   |    |
|     | SKAPLIKES VOLGENS OUDERDOM EN SALARIS   | 34 |
| 2.7 | GEMIDDELDE VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VOLGENS RELA=  |    |
|     | TIEWE PEIL VAN SALARIS EN OUDERDOM, SUIWER NATUUR=  |    |
|     | WETENSKAPLIKES  | 36 |
| 2.8 | VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN SUIWER NATUURWETEN=   |    |
|     | SKAPLIKES VOLGENS TAALGROEP EN GESLAG   | 38 |
| 3.1 | BEOORDELING VAN DIE MATE WAARIN KENMERKE VAN 'N   |    |
|     | BEROEP BELANGRIK IS   | 40 |
| 3.2 | GEMIDDELDE SYFERS VIR BEOORDELING VAN BELANGRIK=  |    |
|     | HEID VAN WERKKENMERKE VOLGENS NATUURWETENSKAPLIKE   |    |
|     | GROEP   | 41 |

|     |  |    |
|-----|--|----|
| 3.3 | BEOORDELING VAN WERKKENMERKE VOLGENS GESLAG EN<br>TAALGROEP, SUIWER NATUURWETENSKAPLIKES   | 44 |
| 3.4 | MATE WAARIN HUIDIGE BEROEP AAN KENMERKE WAT BAIE<br>BELANGRIK GEAG WORD, VOLDOEN WORD VOLGENS NATUUR=<br>WETENSKAPLIKE GROEP   | 49 |
| 3.5 | MATE WAARIN HUIDIGE BEROEP VAN SUIWER NATUURWETEN=<br>SKAPLIKES AAN BAIE BELANGRIK GEAGTE WERKKENMERKE<br>VOLDOEN (IN PERSENTASIES)  | 52 |
| 3.6 | BEOORDELING VAN AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDE NA=<br>TUURWETENSKAPLIKES VAN DIE MATE WAARIN AAN BAIE BE=<br>LANGRIK GEAGTE WERKASPEKTE VOLDOEN WORD VOLGENS<br>WERKGEWER (IN PERSENTASIES) | 54 |

FIGURE

BLADSY

|     |   |    |
|-----|---|----|
| 2.1 | GEMIDDELDE WERKTEVREDENHEID VAN VERSKILLENDÉ NATUURWETENSKAPLIKE GROEPE VOLGENS OUDERDOM          | 22 |
| 2.2 | GEMIDDELDE WERKTEVREDENHEID VAN NATUURWETENSKAPLIKE GROEPE VOLGENS SALARIS                        | 31 |
| 2.3 | VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN SUIWER NATUURWETENSKAPLIKES VOLGENS OUDERDOM EN VIR 3 SALARISGROEPE | 37 |
| 3.1 | BELANGRIKHEID VAN WERKKENMERKE VIR SUIWER NÁTUURWETENSKAPLIKES VOLGENS TAALGROEP                  | 46 |
| 3.2 | PROFIELE VIR MATE WAARIN HUIDIGE BEROEP AAN KENMERKE WAT BAIE BELANGRIK BESKOU WORD ,VOLDOEN      | 50 |

## SUMMARY

During 1971 an investigation concerning natural scientists in the Republic of South Africa was undertaken to collect background information which is required to determine the supply and demand of natural scientists.

Altogether 6710 persons were involved in this investigation. The survey group of 4660 was taken from these persons and is divided into 8 occupational groups, viz earth scientists, biological scientists, chemists, physicists, mathematicians, teachers, professors and lecturers and managers.

This report deals with the general job satisfaction of the people who practise these 8 occupations, the characteristics of occupation which are important to them, and how well their present occupation complies with the characteristics which are regarded as very important.

## OPSUMMING

Gedurende 1971 is 'n ondersoek na natuurwetenskaplikes in die Republiek van Suid-Afrika onderneem om agtergrondinligting in te samel wat nodig is vir die bepaling van die vraag na en aanbod van natuurwetenskaplikes.

Altesaam 6710 persone het aan dié ondersoek deelgeneem. Uit hierdie persone is die ondersoeksgroep van 4660 getrek wat in 8 beroepsgroepe, naamlik aardwetenskaplikes, biologiese wetenskaplikes, chemici, fisici, wiskundiges, onderwysers, professore en lektore en bestuurders verdeel is.

Hierdie verslag handel oor die algemene werktevredenheid van die beoefenaars van die 8 beroepe, watter kenmerke van 'n beroep vir hulle belangrik is, en hoe goed hul huidige beroep aan kenmerke wat baie belangrik geag word, voldoen.

DIE WERKTEVREDENHEID VAN NATUURWETENSKAPLIKES IN DIE REPUBLIEK  
VAN SUID-AFRIKA

HOOFSTUK 1  
INLEIDING

1.1 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Dit is bekend dat veranderinge in die beroepstruktuur van die arbeidsmag met verloop van tyd plaasvind. Ontledings van die bevolkingsensusgegewens en mannekragopnames van die Departement van Arbeid toon dat die breë beroepsgroep "professionele, semi-professionele en tegniese werkers" as persentasie van die arbeidsmag steeds toeneem, wat beteken dat die vraag na hierdie persone vinniger as die gemiddelde styg. Natuurwetenskaplikes is deel van hierdie breë groep werkers en daar is aangetoon dat die vraag na natuurwetenskaplikes selfs binne die breë beroepsgroep, professionele, semi-professionele en tegniese werkers, besonder hoog is (Terblanche 1973). Hierdie vraag na natuurwetenskaplikes is 'n uitvloeisel van die hedendaagse tegnies-georiënteerde samelewing, want in sodanige samelewing speel die aanwending van natuurwetenskaplike kennis in die produksieproses 'n besonder belangrike rol. Hoe belangrik dit is, is baie moeilik om in syfers uit te druk, maar 'n goeie aanduiding van die dividende wat die beoefening van die natuurwetenskap vir 'n land lewer, kan verkry word deur die tegnologiese "betalingsbalans" van lande met mekaar te vergelyk. Terwyl die VSA jaarliks ongeveer 3,1 persent van sy bruto nasionale produk in navorsing en ontwikkeling belê, is die gemiddelde syfer vir lande in Wes-Europa 1,6 persent. Die verhouding van betalings tot ontvangstes vir tegniese kennis ("know how") is egter 5,6 tot 1 in die guns van die VSA. (Robbertse, P.M., 1970). Die betalingsbalans weerspieël die tegnologiese posisie van die VSA, ten spyte van probleme, in die kompetenderende wêreld van vandaag, terwyl dit ook 'n aanduiding gee van die ontwikkelingspeil en sofistikasie van die industrieë van daardie land.

Alhoewel nuwe wetenskaplike kennis redelik vryelik beskikbaar is, word die daarop geboude tegnieke en toepassings in prosesse en produkte dikwels om militêre, ekonomiese en politieke redes streng bewaak. So word die RSA genoodsaak om navorsing oor vuurpyle en projektlede te onderneem omdat nog die produk, nog die kennis, gekoop kan word. As dit nie vir 'n navorsingstradisie in Suid-Afrika was nie, sou hierdie navorsing nié onderneem kon word nie, want navorsing kan alleen plaasvind en nuwe kennis geassimileer word, as daar 'n deurlopende bydrae tot navorsing en dus nuwe kennis gemaak word. Waar die kennis en nuwe terreine so vinnig toeneem, kan begryp word waarom die vraag na

natuurwetenskaplikes in die verlede so vinnig toegeneem het en waarskynlik in die toekoms steeds sal toeneem.

Sonder om die bydraes van ander beroepe as onbelangrik te ag, kan gesê word dat die natuurwetenskaplikes van 'n land 'n besondere bydrae tot die volkshuishouding te lewer het. Die tegnologiese veranderinge, wat in 'n groot mate deur hierdie merse tweeggebring word, het op sy beurt weer 'n aansierlike uitwerking op die vaardigheid en kennis van die natuurwetenskaplike. In Suid-Afrika het die natuurwetenskaplike opgeleide gegradeerde nie altyd 'n wye keuse van werkgever nie. Navorsing en ontwikkeling wat 'n besondere funksie van hierdie groep persone is, word in die Republiek hoofsaaklik deur die owerheidsektor en nie die privaat sektor nie, behartig. 'n Besonder groot persentasie natuurwetenskaplikes bevind hulle dan ook in diens van die Staat of van semi-staatsinstellings soos die WNMF, RAK, UCOR, NIN en die Brandstofnavorsingsinstituut. Die natuurwetenskaplike het dus in teenstelling met die ingenieur, die medikus, prokureur en ander professionele persone 'n relatief beperkte keuse van werkgever en geleentheid om 'n eie "praktyk" te begin bestaan bykans nie. Tog is dit uit die gemeenekaplike bron van matrikulante wat die natuurwetenskaplikes én die beoefenaars van die professies getrek moet word.

Indien natuurwetenskaplikes ontevreden is met hul werk of indien hulle werk nie sou voldoen aan daardie eise wat hul belangrik ag nie, kan verwag word dat die ontevredenheid sal deursuur na die studerende jeug. Tans word daar reeds van die swaai weg var die natuurwetenskappe gespreek. Kan die beroep van natuurwetenskaplike aan die jongmens as 'n goeie, behoeftelike beroep voorgehou word of nie? Wood (1970) sê in hierdie verband "the impact of these and other modifications on the professional can often best be evaluated by determining how he feels toward his job and the context in which it is found. Fully understanding the complexities of these reactions and attitudes assumes great consequence if efforts to avoid professional alienation and dissatisfaction in times of technological and economic change are to be successful" (p. 113). Daar moet onthou word dat mense werk om tevreden te wees en nie omdat hulle tevreden is nie.

Om dus die houding van die Blanke natuurwetenskaplikes in die RSA teenoor hul werk te ondersoek, en om te bepaal watter kenmerke var die werksituasie deur hulle belangrik geag word, is vanweë die belangrike funksie wat hulle te vervul het, nodig, en dit is dan ook die doel met hierdie ondersoek.

## 1.2 AGTERGROND

Sedert die nou beroemde Hawthorne-studies (Roethlisberger en Dickson, 1939) het personeelsielkundiges besondere belangstelling in die motivering en houding van werkers getoond, want uit hierdie studies het geblyk dat motivering van personeel tot hoër produksie geensins 'n eenvoudige proses was of is nie. Dié studies het naamlik onder andere gevys dat sosiale verbindinge, die groep en die houding van werkers 'n baie besluite rol in die produktiwiteit van werkers speel. Positiewe werkneemerhoudings en die latere werkremmergerigte toesighouding is gesien as bydraende faktore tot hoër produksie. Dit volg dan ook dat sielkundiges in die houding wat die werker teenoor sy werk openbaar, belang sou stel. Viteles (1954) stel dit dat die samelewings nie net aan die mens in die nywerheid in terme van produksie en doeltreffendheid mag dink nie. Tog spruit die stimulus vir die belangstelling in die houdinge van werkers hoofsaaklik uit 'n begeerde om meer te weet van dit wat werkers sal motiveer om harder te werk, en om daardie kennis beter te kan toepas in die produksieproses. Vroom (1962) noem dat hierdie belangstelling op veral drie aspekte van die verwantskap tussen motivering en werk gekonsentreer het naamlik

- (a) die keuse van beroepe,
- (b) tevredenheid met of houding teenoor werk, en
- (c) die meting van doeltreffendheid.

Hierdie ondersoek oor natuurwetenskaplike in die RSA handel oor aspek (b). Vroom (1962) sê dat houding teenoor werk 'n aspek van die verwantskap tussen motivering en werk is. Die positiewe houding van 'n werker teenoor sy werk of ook werktevredenheid genoem, is dus gesien as 'n aanduiding van 'n sekere motiveringstoestand. Is 'n persoon tevrede met sy werk, openbaar hy 'n positiewe houding teenoor sy werk en is hy dus gemotiveerd om sy werk na die beste van sy vermoë te doen. Die aanvaarding van 'n positiewe houding teenoor werk en hoër produksie was waarskynlik deels verantwoordelik vir die groot belangstelling wat in die jongste tyd in werktevredenheid bestaan. Herzberg, Mausner, Peterson en Capwell (1957) en Fourriet, Distefano en Pryer (1957) toon aan dat die studies wat reeds oor die onderwerp gepubliseer is, talryk is. Na die meer spesifieke relevante bevindings sal gedurende die bespreking van hierdie ondersoek verwys word, maar om hierdie ondersoek in perspektief te plaas, is dit nodig om nou reeds kortliks die meer teoretiese aspekte van werkmotivering, werktevredenheid en die houding van die werker teenoor sy werk, soos dit uit die literatuur blyk, te behandel.

Soos in byna alle afdelings van die Sielkunde en trouens soos in alle geesteswetenskappe, word ook hierdie terrein van die sielkunde gepla met verwarring in terminologie. Werktevredenheid, werkmotivering en werkerhoudings is deurmekaar en soms as sincnieme gebruik. Pogings om 'n teoretiese raamwerk vir die studie van werktevredenheid daar te stel, word in die wiele gery deur die ingewikkeldheid van die probleem van motivering. Motivering is eirtlik in 'n groot mate 'n empiries onhanteerbare begrip, want wanneer gevra word wat 'n mense motiveer, word eintlik ook gevra hoe kom handel 'n mense soos hy handel; wat sekere dié sentrale vraag van die sielkunde is. Dit is dan ook nie vreemd dat die meeste van die bekerde motiveringsteorieë in die studies oor werkmotivering en werktevredenheid weerklank vind nie.

Omdat die veld so ontsaglijk wyd is, sal hier net na die meer resente studies en sienswyses op hierdie gebied verwys word en word dit onnodig geag om aan die skrywers soos byvoorbeeld Veblen of Patten en Parker wat McDougall se instinctteorie as determinant vir alle menslike aktiwiteit, ook ekonomiese aktiwiteit, aargegryp het, aandag te skenk. Daar sal slegs aandag gegee word aan die teorieë van werkmotivering wat die meer resente algemene motiveringsteorieë soos die behoefteteorieë van Maslow, en familie van "balanssteorie" soos die balanssteorie van Heider (1958), die bekende dissonasieteorie van Festinger (1957) en Sampson se teorie van kongruensie (Sampson, 1963) as onderbou het.

Die behoefteteorieë, oorvereenvoudig, kom daarop neer dat menslike handeling gesien word as gerig op die bevrediging van behoeftes van verskillende soorte: fisies, sosiaal en psigies. Die familie van "balanssteorieë" wat geroem is, postuleer 'n neiging by die mens om te strewe na 'n staat van balans. As daar 'n spinningsysteem aanwesig is, sal die organisme probeer om deur sy gedrag hierdie spanning te verlig en na 'n staat van "balans" terug te keer. Die spinningsysteem of wanbalans verwys dan gewoonlik na toestande wat in die behoefteteorieë as behoeftes gesien word. Motiewe en motivering word gesien as die innerlike rigtinggewerde prosesse wat die gedrag rig (Viteles, 1954, p. 73). Die probleem by die bestudering van motiewe en motivering is natuurlik dat hierdie motiewe nie waargeneem kan word nie en dat die beelde of spinningsysteme afgelei moet word. Een van die wyses waarop hierdie afleidings gemaak word, is deur die houding van 'n persoon teenoor 'n objek of situasie te probeer vaststel of met omdat dit den uitdrukking gee aan die wyse waarop, of mate waarin, 'n objek of situasie die behoeftes of begeertes van die individu sou bevredig. Op die wyse kan word werktevredenheid, wat 'n houding is, gesien as 'n maatstaf

vir werkmotivering. Miskien moet daar ook net kortliks op die omskrywing van houding gelet word. Baie definisies is reeds gegee, maar gemeenskaplik skyn te wees dat 'n houding 'n sekere staat van gereedheid om op 'n karakteristieke wyse teenoor 'n stimulus of stimulussituasie te handel, impliseer. (Newcomb, 1950, p. 62).

Min tecrieë op die gebied van werkmotivering het die impak gehad van die sogenaamde tweefaktorteorie van Herzberg (Herzberg, F., Mausner, B. en Snyderman, B.B. (1957) en Herzberg, 1964). Die teorie van Herzberg kor kortliks daarop neer dat werktevredenheid en werkontevredenheid nie teeroorgesteldes is nie, maar beskou moet word as twee parallelle aparte kontinue. Die teenoorgestelde van werktevredenheid is geen werktevredenheid en nie ontevredenheid met die werk nie. Werktevredenheid word bepaal deur die gevoel wat die individu jeens die inhoud (content) van sy werk koester. Hierdie faktore is ook al met baie name genoem, naamlik "motivators", "intrinsic factors", "job content factor" (Wolf, 1970). Faktore wat hierdie gevael beïnvloed, is erkenning vir prestasie, intrinsiese belangstelling in die werk, kansse vir bevordering, selffactualisering en geleenheid vir die gevael van tevredenheid met die werk. Ontevredenheid met die werk word bepaal deur die gevael wat die persoon teenoor die konteks van sy werk het. Aspekte wat hier belangrik is, is die beleid van die organisasie, toesighouding, salaris, interpersoonlike verhoudings, status en werksekuriteit, almal faktore ekstrinsiek aan die werk self. Ook hierdie faktore het al baie name gekry byvoorbeeld "maintenance", "extrinsic", "dissatisfiers" en "job context factors" (Wolf, 1970).

Hierdie tecrie het 'n hele tweespalt in die gelede van personeelsielkundiges veroorsaak en ons vind die wat dit ondersteun en die wat dit nie ondersteun nie. House en Wigdor (1967), Dunette, Campbell en Habel (1967) en Friedlander (1964) is voorbeeld van persone wat nie met Herzberg saamstem nie. Friedlander vind dat die inhoudsitters 'n belangrike rol speel in sowel tevredenheid en ontevredenheid. Ewer (1964) vind dat sommige van die faktore in 'n teenoorgestelde rigting werk as wat volgens die Herzbergteorie voorspel word. Die meeste van die kritiese studies ondersteun nie die dualistiese aard van die teorie nie en sou eerder ooreenkoms met 'n eenfaktorteorie, dit wil sê dat tevredenheid en ontevredenheid eerder eindpunte op 'n enkele kontinuum sou wees.

Whitsett en Winslow (1967) sê aan die eerder kant dat die studies wat krities teenoor die Herzbergteorie staan, gewoonlik 'n algemene metodologiese swakheid operbeer en hulle soms cok skuldig maak aan 'n waninterpretasie van gegewens. Die rees al-

gemene kritiek teen die Herzbergteorie is dat slegs studies wat van Herzberg se spesifieke metode gebruik maak, sy teorie ondersteun.

Die teorie van Herzberg, hou in 'n mate verband met Maslow se teorie van behoeftetevrediging. Maslow postuleer 'n hiërgie van behoeftes van laer-crdebehoeftes op die fisiologiese vlak deur na behoefte aan veiligheid, behoeftes om te behoort, tot die hoogste ordebehoeftes, naamlik dié van selfaktualisering. Maslow se motiveringsteorie kom daarop neer dat die mens eers sorg dat die laervlakbehoeftes bevredig word en dat namate 'n behoeftes bevredig word, die volgerde stel behoeftes in werking tree. Maslow se meer laer-ordebehoeftes word weerspieël in die ekstrinsieke faktore terwyl die hoër-ordebehoeftes van self-aktualisering weerspieël word in die intrinsieke faktore van die werk. Die intrinsieke faktore kan die geleentheid aan die werker bied om positiewe bevrediging uit sy werkomgewing te verkry. Die twee teorieë gaan missien nie soos Biesheuvel (1971, p. 7) sê, hand aan hand nie, maar daar is beslis 'n verbintenis tussen hulle. Die een beklemtoon die onderliggende persoonlike dimensies en die ander die uitwerking wat hierdie dimersies op gedrag het.

Nog 'n uitbouing van Maslow se teorie, wat egter heelwat van dié van Herzberg verskil, is dié van Wolf (1970). Whitsett en Winslow (1967, p. 8) sê in 'n studie oor Herzberg en sy metode dat die faktore wat verband hou met tydperke van uitstaande prestasies deur Herzberg "motivators" genoem word. Wolf (1970, p. 9) meen dat dit net hier is dat Herzberg fouteer, want tevredenheid is 'n eindstadium terwyl motivering 'n dryfveer is om 'n eindstadium te bereik. Hy stem dus saam met Atkinson en Feather (1966) dat 'n motief 'n "disposition to strive for a certain kind of satisfaction" (pp. 12-13) is. Volgens Wolf sal die individu probeer om sy aktiewe behoeftes te bevredig en in dié proses sal sowel die laer-crdebehoeftes wat reeds bevredig is, as die hoër-ordebehoeftes wat nog nie bevredig is nie, deur die individu geignoreer word. Tevredenheid volg op die bevrediging van 'n aktiewe behoeftes, alhoewel die gevcel van tevredenheid sterker is as 'n nuwe behoeftes bevredig word, as wanneer behoeftes wat reeds bevredig is, aanhoudend bevredig word. Ontevredenheid is die gevolg van die frustrasie van 'n aktiewe behoeftes of bedreiging of frustrasie van behoeftes wat reeds bevredig is. Wolf maak verskil tusser tevredenheid en motivering want motivering vind plaas wanneer die individu vind dat hy deur gedrag wat met sy werk verband hou, in staat gestel word om van sy behoeftes te bevredig.

Sowel inhoudelike as kontekselemente kan dus tevredenheid sowel as ontevredenheid veroorsaak. Persone met aktiewe hoërvlakbehoeftes sal laervlakbehoeftes nie met werktevredenheid in verband bring nie, want hierdie behoeftes word deurlopend bevredig. Aan die anderkant sal enigiets wat hierdie deurlopende bevrediging bedreig, sterk as elemente wat ontevredenheid veroorsaak, na vore kom.

Wolf sien die verband tussen inhoudelike en konteks-elemente en werkmotivering as volg: Die kontekselemente soos firmabeleid, werkongewing, sekuriteit van die werk, toesighouing, status en interpersoonlike verhoudings is essensieel nie gekoppel aan werkmotivering nie, dit wil sê indien die werkmotivering gedefinieer word in terme van die bestuur se oogpunt, naamlik die bereiking van bestuursdoelwitte soos hoë produksie, nie. Die rede wat aangevoer word, is dat die individu niks aan hierdie sake deur werkgerigte gedrag kan doen om die vlak van bevrediging van behoeftes te verhoog nie.

Salaris, so is gevind, is ietwat van 'n gemengde element en is deur Herzberg (Herzberg, Mausner en Snyderman, 1957) as 'n kontekselement geklassifiseer omdat die uitwerking daarvan meer soos die van ander kontekselemente was. Volgens die behoeftebevredigingsteorie sal salaris as motiveerde dien waardeer die individu 'n hoë verwagting koester dat hy deur werkgerigte gedrag en dus 'n hoë salaris in staat gestel sal word om 'n groter mate van bevrediging te bekom. Indien hy nie hierdie verband raaksien nie, sal sy salaris eerder sy tevrederheid verlaag want hy sien sy salarispeil as 'n faktor wat hom verhoed om sekere behoeftes te bevredig.

Die inhoudelike elemente soos prestasie, erkenning vir prestasie, geleentheid vir persoonlike groei is nou verbonde aan werkmotivering, vanuit die bestuursoogpunt, in die sin dat die individu sy vlak van bevrediging deur werkgerigte gedrag kan verhoog. As 'n individu 'n interessante werk het wat hom in staat stel om verantwoordelikheid uit te oefen en te aanvaar en daaroor deur 'n gevoel van prestasie en selfgroei ervaar, kan hy sy vlak van bevrediging verhoog deur verdere werkgerigte gedrag. Die verskil tussen die inhoudelike en die konteks-elemente lê dus grondblykbaar dat die individu die inhoudelike in 'n veel groter mate kan manipuleer om tot sy behoeftebevrediging by te dra. Wolf se teorie kan derhalwe as 'n eenfaktorteorie beskou word.

Die aanmerklike aandag wat Maslow se motiveringsteorie getrek het, is nogal ietwat eienaardig omdat daar so min empiriese bewyse daarvoor bestaan. Barret (1972, p. 9) wys daarop

dat daar baie min studies bestaan wat die teorie probeer bewys het en dat dié wat wel sodanige pogings aangewend het, aangetoon het dat dit nie steek hou nie. Waarskynlik maak die relatiewe eenvoud en die mooi logiese samehang daarvan dit aantreklik.

Soliman (1970) laat sy teorie oock sterk op die algemene dryfveerteorie van motivering rus alhoewel hy nie soos Wolf van Maslow se hiërargiese sisteer gebruik maak nie. Soliman sê dat hy 'n poging aarwend om die Herzberg tweefaktorteorie met die eenfaktorteorie te versoen. Hierdie versoening vind nie juis plaas nie want Soliman beskou die tweefaktorteorie orthoudbaar en sê "satisfaction/dissatisfaction is an undimensional concept in which each is the obverse of the other" (pp. 459). Hy beskou die inhoudelike en kontekselemente as behoeftekategorieë en sê dat sowel tevredenheid as ontevredenheid deur die selfde faktore beïnvloed word. Soliman plaas klem op die omgewingsfaktore (d.w.s. die organisatoriese aspek van die werk) se invloed in die veroorsaking van tevredenheid en ontevredenheid. Wanneer die omgewing (die organisasie) genoegsaam voorstoring maak vir die bevrediging van allerhande soorte behoeftes, sal die inhoudelike faktore belangriker bronne van werkevredenheid wees as die konteksfaktore. Indien die organisasie die individu se bevrediging van behoeftes ontneem, dan word die kontekselemente belangriker troune vir die veroorsaking van ontevredenheid.

Die voorgenoemde teorieë rus swaar op die algemene groep teorieë wat die bevrediging van verskillende soorte behoeftes as die verlaamste dryfkrag en dus motivering vir menslike handeling sien. Hierdie teorieë is nie al teorieë wat in verband met werkgedrag bestaan nie. Daar moet ook kennis geneem word van die siening van Korman (1970) wat heelwat van die van Herzberg, Wolf en Soliman verskil.

Korman se teorie is lid van die familie van motiverings-teorieë bekend as die teorieë van "balans" wat reeds genoem is. Korman se teorie poog om die veranderlikes wat vir die industriële sielkunde belangrik is, naamlik werktevredenheid, keuse van werk en "work performance", in 'n enkele raamwerk saam te vat. Korman stel sy teorie as volg: "All other things being equal, individuals will engage in and find satisfying those behavioral roles which maximise their sense of cognitive balance or consistency" (Korman, 1970, p. 32). Korman pas dus die algemene teorie van Festinger (1957) op die werksituasie toe.

Die selffagting (self-esteem) of selfevaluering of self-beeld van die individu speel dus in die teorie van Korman 'n belangrike rol. Korman meen dat die selffagting van 'n persoon gemet kan word deur te bepaal in welke mate die persoon homself as 'n bekwame, behoeftebevredigende individu beskou. Daar kan gedink word aan 'n relatief konstante (Korman se "chronic") selffagting, wat 'n relatief konstante persoonlikheidstrek is, en sigself in 'n verskeidenheid van situasies openbaar. Die persoon mag egter ook 'n siening van selffagting, wat met 'n spesifieke taak verband hou, hê. Die individu se selffagting is ook 'n funksie van die verwagtinge wat ander van hom het. In die mate waarin ander mense meen dat 'n individu 'n bekwame, behoeftebevredigende individu is en ook toon dat hulle dit wel dink, word in dieselfde mate die selfsiening van die persoon in verband met sy bekwaamheid om die taak voor hande goed te verrig, verstrekkend en word werkverrigting dus bevorder. Die rasioneel vir dié siering is dus dat interpersoonlike evaluering 'n basis van "realiteit" verskaf. Locke (1969) redeneer weer dat emosionele reaksies of responsies soos tevrederheid en ontevredenheid, die gevolg is van die individu se skatting van die mate waarin een of ander feit van die realiteit soos 'n aspek van die werk of werk self, kongruent of nie-kongruent met sy waardesisteem is. Elke emosionele reaksie reflektereer 'n tweeledige skatting, naamlik van

(a) die grootte van die verskil tussen wat hy wil hê en wat hy kan kry en

(b) die belangrikheid van die aspek vir die individu. So sal 'n individu se tevredenheid met sy salaris afhang van die verskil tussen wat hy kry en wat hy voel hy behoort te kry, en die belangrikheid wat geld/salaris in sy hele waardesisteem speel.

Die voorgaande bespreking toon dat die teorieë oor werk-tevredenheid die teorieë van algemene motivering volg en dat hulle, soos die algemere teorieë, taamlik uiteenlopend van aard is.

### 1.3 OMSKRYWING EN METING VAN WERKTEVREDENHEID

Tot dusver is die begrip werktevredenheid gebruik sonder om 'n poging aan te wend om dit te omskryf. In die cpsig sou geredeneer kon word dat daar in goeie geselskap verkeer word, want dit is uiteraard dat 'n omskrywing van die begrip in die literatuur aangetref word. Die metodes wat gebruik word om werktevredenheid te meet, impliseer egter minstens operasionele definisies van werktevredenheid en hierdie definisies verskil aamerklik van mekaar. In die literatuur word ook baie

keer aangeneem dat die verskillende operasionele definisies oor dieselfde ding handel en dat die verskillende maniere van meting, 'n maat van dieselfde ding gee, veral wanneer werktevredenheid met ander veranderlikes in verband gebring word. In die kort bespreking van enkele van hierdie operasionele definisies is dit nodig om verskil te maak tussen algemene werktevredenheid (AWT) en tevredenheid met kenmerke wat sie is aan 'n werksituasie soos byvoorbeeld salaris, sekuriteit en bevorderingsmoontlikhede.

In baie gevalle is die AWT gemeet deur slegs aan die werker te vra om sy tevredenheid met sy werk volgens 'n skaal te beoordeel. (Locke, Smith, Kendall, Hulin en Miller, 1964). Dieselfde metode is oock gebruik om tevredenheid met kenmerke van die werk te beoordeel.

Wanaus en Lawler (1972) toon in 'n studie aan dat die volgende operasionele definisies alreeds in studies gebruik is.

- 1       $AWT_1 = \sum$  (Beocrdeling van die kenmerk van die werk).
- 2       $AWT_2 = \sum$  (Belangrikheid van kenmerk x tevrederheid met kenmerk).
- 3       $AWT_3 = \sum$  (Hoeveel van kenmerk is nou in werk aanwesig).
- 4       $AWT_4 = \sum$  (Belangrikheid van kenmerk x hoeveel van kenmerk aanwesig is).
- 5       $AWT_5 = \sum$  (Hoeveel van kenmerk behoort aanwesig te wees - hoeveel van kenmerke aanwesig is).
- 6       $AWT_6 = \sum$  (Belangrikheid van kenmerk x hoeveel behoort daar te wees - hoeveel daar is).

In die bespreking van die meting van werktevredenheid moet melding gemaak word van die JDI (Job Descriptive Index) wat seker die mees verfynde vorm van werktevredenheidmeting is wat tans bestaan (Smith et al., 1969). Die JDI is gestandaardiseer en norms is bereken vir verskillende ouderdoms- en salarisgroepe. In wese kom die JDI neer op 'n meting van kenmerke van die werk (formule 1) uitgaande van die standpunt dat werktevredenheid "feelings or affective responses to facts of the situation", is (Smith et al., p. 6). Die auteurs gaan dan voort om te sê dat hulle hipotese reekom op 'n aarvaarding dat die gevoel verbaard hou met 'n waargenome verskil tussen wat die werker as 'n redelike en regverdigte beloning verwag, en dit wat hy ondervind. Die verskil hou dar verder verband met die alternatiewe wat vir hom oop is. Dié gevoel se verband met gedrag lê daarin dat die werker verwag dat 'n sekere gedragswyse hom sal help om aanvaarde-

doelstellings te bereik. Hierdie siering stem derhalwe in 'n mate ooreen met die van Korman en Locke. Daar skort nie veel met die kort en kragtige omskrywing van werktevredenheid wat hierbo gegee word nie, alhoewel daarop uitgebrei kan word om aan te dui dat die omskrywing soos gegee, ook eintlik 'n gevoel van ortevredenheid met die werk sal insluit, wil dit nog nie sê dat dié omskrywing hom spesifiek tot slegs die een soort van meting leen nie. Werktevredenheid gebaseer op byvoorbeeld formules 2 en 3 sou net so wel ook as 'n affektiewe responsie tot 'n situasie beskou kan word.

Die definisies (1-6) toon dat werktevredenheid in baie gevalle 'n konsep van die navorsing is. Wanneer gelet word op die verskeidenheid van operasionele definisies wat reeds gebruik is (er daar word nie aanspraak gemaak op volledigheid nie) sowel as op die verwerrende teoretiese onderbou, is dit geen wonder dat Wanaus (1972) opmerk dat daar geen enkele "korrekte" wyse is waarop werktevredenheid gemeet word nie.

#### 1.4 DIE VRAEELYS

Algemene werktevredenheid in hierdie ondersoek word deur 'n enkele vraag in 'n meer omvattende vraeelys gemeet (Bylae 1, vraag 8). Wood (1970) toon aan dat hierdie maat sekere beperkinge het omdat die meting van AWT wat so verkry word, vir twee persone presies eenders kan wees, terwyl die oorsaak van die spesifieke vlak vir twee werkers totaal kan verskil. 'n Verskeiderheid van korstallasies van werkkenmerke kan dus een en dieselfde meting van AWT gee. Werkkenmerke cf eienskappe is egter nie in hierdie ondersoek buite rekening gelaat nie. 'n Seleksie van belangrike werkkenmerke is verstrekkend en die respondent is gevra om die kenmerke op twee maniere te beoordeel (Bylae 1, vraag 9). Al die kenmerke moes op 'n 9-puntskaal ten opsigte van die belangrikheid daarvan in 'n beroep beoordeel word en dan moes daardie kenmerke wat as baie belangrik beskou is, beoordeel word (3-puntskaal) volgens die mate waarin die respondent se huidige beroep aan sy verwagting voldoen. Hierdie wyse van meting laat dus nie 'n kumulatiewe indeks van werktevredenheid toe nie en daar is ook geen poging aangewereld om enige vorm van weging in die verwerking van die resultate toe te pas nie. Daar kan genoem word dat Ewen (1969) en Wanaus (1972) van mening is dat weging nie juis betroubaarder resultate lewer nie. Deur slegs diegene wat 'n aspek belangrik geag het, te laat aandui in welke mate hul huidige beroep aan hul verwagtinge voldoen, is sekere ontledingsmoontlikhede veral die meeste korrelasietegnieke uit die staanspoor uitgesluit. Gegewe die beperkinge van 'n posvraeelys, is daar op hierdie wyse van meting besluit omdat 'n enkele meting van tevredenheid hoog korreleer met

die meer direkte metings soos byvoorbeeld dié in formules 1 en 3. Waar die meting van tevredenheid bepaal word deur 'n beoordeeling van kenmerke wat aanwesig is, is dit buitendien heel moontlik dat die spesifieke kenmerke wat genoem word, die uitslag kan bepaal. Hierdie aspekte wissel in die studies, nie alleen wat getal kenmerke gelys betref nie, maar ook ten opsigte van bewoording. So gebruik Wanaus (1972) 23, Ronan (1970) 32, Soliman (1970) 15 en Hulin (1971) 11 kenmerke in hul studies. Dit kan daarom geargumenteer word dat enige studie nie genoeg nie, of nie die regte kenmerke gebruik nie. Die kenmerke wat in hierdie studie gebruik word, kom in 'n mate miskien meer met "faktore" as enkele kenmerke ooreen. Verskeie kenmerke wat saam byvoorbeeld as die faktor "uitdaging wat werk bied", beskryf sou kon word, kan uitgedink word, met ander woorde kenmerke van kenmerke sou moontlik wees. Die soort "faktore"-aspek kom ook by studies soos die van Hulin (1971) voor. Die elf kenmerke wat wel in hierdie studie oor natuurwetenskaplikes gebruik word, is gekies op grond van belangrikheid vir natuurwetenskaplike beroep. Daar word nie voorgegee dat hierdie kenmerke al kenmerke is wat in natuurwetenskaplike beroepe belangrik geag kan word nie. 'n "Oop"-kategorie is aan die einde van die vraag ingesluit om 'n aanduiding te kry van ander kenmerke wat natuurwetenskaplikes as belangrik beskou. Kenmerke wat hier genoem is, is nie in die ontleding gebruik nie, want die responsies van 'n ondersoeksgroep op 'n gelyste reeks kenmerke soos in hierdie ondersoek gebruik, is nie vergelykbaar met die responsies op kenmerke wat respondeente self moet verstrek nie.

## 1.5 DIE RESPONDENTE- EN ONDERSOEKGROEF

Die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes het in 1970 die name en adresse en inligting oor onder andere kwalifikasies behaal, van meer as 80 000 Blanke gegradeerde bevatten. Op 30 November 1970 is 'n lys van name en adresse van Blanke persone, 64 jaar en jonger, wat in die Republiek en Suidwes-Afrika woonagtig was en wat oor grade of diplomas in 'n natuurwetenskaplike rigting beskik het, van die Nasionale Register verkry. Hierdie persone is op grond van een of ander natuurwetenskaplike hoofvak of op grond van beroep bedeef, gekies. Hierdie lys het besonderhede van 9355 persone bevatten. Gegradeerde wat oor beroepsgerigte grade in 'n meer natuurwetenskaplike rigting soos medies, ingenieurswese, dieteekunde, landbou beskik, is nie by die ondersoek betrek nie. Aan die 9355 persone is 'n vraelys (bylae 1) gesoek en 6710 (71,7%) bruikbare vraelyste is terug ontvang. Hierdie 6710 persone kan as die respondentegroep vir hierdie ondersoek beskou word omdat hulle almal een of ander vorm van natuurwetenskaplike opleiding ondergaan het, of een of ander natuurwetenskaplike beroep be-

oefen het. Die gegewens wat respcndente verstrek het, het betrekking op Maart 1971.

In tabelle 1.1 tot 1.4 word die respondentegroep ten opsigte van enkele eienskappe met die oorspronklike 9359 persone vergelyk.

TABEL 1.1

GESLAGSVERDELING VAN DIE NATUURWETENSKAPLIKES IN DIE NASIONALE REGISTER (GRCEP A) EN DIE RESPONDENTEGROEP (GROEP B)

| Geslag  | Groep A |      | Groep B |      |
|---------|---------|------|---------|------|
|         | N       | %    | N       | %    |
| Manlik  | 6979    | 74,6 | 5006    | 74,6 |
| Vroulik | 2380    | 25,4 | 1704    | 25,4 |
| TOTAAL  | 9359    | 100  | 6710    | 100  |

$$\chi^2 = 0,0031$$

$$p > 0,05$$

TABEL 1.2

OUERDOMSVEISPREIDING VAN DIE NATUURWETENSKAPLIKES IN DIE NASIONALE REGISTER (GROEP A) EN DIE RESPONDENTEGROEP (GROEP B)

| Ouderdom        | Groep A |      | Groep B |      |
|-----------------|---------|------|---------|------|
|                 | N       | %    | N       | %    |
| 20 - 24         | 873     | 9,3  | 614     | 9,2  |
| 25 - 29         | 2185    | 23,3 | 1535    | 22,9 |
| 30 - 34         | 1740    | 18,6 | 1267    | 18,9 |
| 35 - 39         | 1094    | 11,7 | 829     | 12,4 |
| 40 - 44         | 896     | 9,6  | 646     | 9,6  |
| 45 - 49         | 857     | 9,2  | 603     | 9,0  |
| 50 - 54         | 708     | 7,6  | 508     | 7,6  |
| 55 - 59         | 535     | 5,7  | 361     | 5,4  |
| 60 - 64         | 396     | 4,2  | 287     | 4,3  |
| 65+             | 75      | 0,8  | 60      | 0,9  |
| TOTAAL          | 9359    | 100  | 6710    | 100  |
| Mediaanouderdom | 34,2    |      | 34,3    |      |

$$\chi^2 = 6,085$$

$$p > 0,70$$

TABEL 1.3

HOOGSTE KWALIFIKASIEPEIL VAN DIE NATUURWETENSKAPLIKES IN DIE NASIONALE REGISTER (GROEP A) EN DIE RESPONDENTEGROEP (GROEP B)

| Hoogste kwalifikasiepeil         | Groep A |      | Groep B |      |
|----------------------------------|---------|------|---------|------|
|                                  | N       | %    | N       | %    |
| Diploma gelykwaardig aan B-graad | 119     | 1,3  | 88      | 1,3  |
| B-graad                          | 4019    | 42,9 | 2810    | 41,9 |
| Nagraadse diploma                | 1368    | 14,6 | 1022    | 75,2 |
| Hons.-B-/nagraadse B-graad       | 1416    | 15,1 | 1007    | 15,0 |
| M-graad                          | 1513    | 16,2 | 1103    | 16,4 |
| D-graad                          | 924     | 9,9  | 680     | 10,1 |
| TOTAAL                           | 9359    | 100  | 6710    | 100  |

$$\chi^2 = 4,297$$

$$p > 0,50$$

TABEL 1.4

VERSPREIDING VAN ALLE HOOFVAKKE EN STUDIERIGTINGS VIR DIE NATUURWETENSKAPLIKES IN DIE NASIONALE REGISTER (GROEP A) EN DIE RESPONDENTEGROEP (GROEP B)

| Hoofvakke en studierigting | Groep A |      | Groep B |      |
|----------------------------|---------|------|---------|------|
|                            | N       | %    | N       | %    |
| Aardkundig                 | 1434    | 7,5  | 1091    | 7,5  |
| Biologies                  | 5047    | 26,4 | 3724    | 25,9 |
| Chemies                    | 4962    | 25,9 | 3798    | 26,4 |
| Fisies                     | 2588    | 13,5 | 1967    | 13,7 |
| Wiskundig                  | 5115    | 26,7 | 3808    | 26,5 |
| TOTAAL                     | 19146   | 100  | 14388   | 100  |

$$\chi^2 = 3,315$$

$$p > 0,50$$

Dit blyk uit die tabelle (vergelyk die  $\chi^2$ -waardes) dat die afwykings tussen die twee groepe ten opsigte van die genoemde aspekte baie klein is. Die respondentegroep kan daarom as 'n verteenwoordigende steekproef van die natuurwetenskaplik opgeleide gegradeerde van die Nasionale Register beskou word. In 'n publikasie van die RGN (Ebersohn, 1972) is aangetoon dat die Nasionale Register na alle waarskynlikheid 'n verteenwoordigende steekproef van die gegradeerde of gelykwaardig gekwalifiseerde

populasie van die land is. Op grond van die feit dat die respondentegroep 'n verteenwoordigende steekproef van die gegradeerde populasie is, bestaan dan min rede om te verhoed dat die respondentegroep nie 'n verteenwoordigende steekproef van die natuurwetenskaplik opgeleide Blanke gegradsueerde in die Republiek en Suidwes-Afrika sal wees wees nie. Tabel 1.5 toon aan hoe die respondentegroep volgens beroepe verdeel is.

TABEL 1.5

BEROEPESTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG

| Beroepsgröep                                  | Mans        |             | Vroue       |              | Totaal      |             |
|---|-------------|-------------|-------------|--------------|-------------|-------------|
|   | N           | %           | N           | %            | N           | %           |
| <b>Natuurwetenskaplik:</b>                    |             |             |             |              |             |             |
| Aardwetenskaplikes                            | 284         | 5,7         | 13          | 0,8          | 297         | 4,4         |
| Bioloë  | 475         | 9,5         | 139         | 8,2          | 614         | 9,2         |
| Chemici                                       | 508         | 10,1        | 65          | 3,8          | 573         | 8,5         |
| Fisici  | 151         | 3,0         | 11          | 0,6          | 162         | 2,4         |
| Wiskundiges                                   | 335         | 6,7         | 97          | 5,7          | 432         | 6,4         |
| <b>Onderwysberoep:</b>                        |             |             |             |              |             |             |
| Onderwysers                                   | 820         | 16,4        | 375         | 22,0         | 1195        | 17,8        |
| Lektore                                       | 639         | 12,8        | 93          | 5,5          | 732         | 10,9        |
| Ander   | 53          | 1,1         | 7           | 0,4          | 60          | 0,9         |
| <b>Bestuurs- en administratiewe beroepe</b>   |             |             |             |              |             |             |
| Ingenieurs                                    | 732         | 14,6        | 21          | 1,2          | 753         | 11,2        |
| Metallurge                                    | 73          | 1,5         |             |              | 73          | 1,1         |
| Tegnici                                       | 87          | 1,7         |             |              | 87          | 1,3         |
| Boere   | 26          | 0,5         | 6           | 0,4          | 32          | 0,5         |
| Ekonome en rekenmeesters                      | 75          | 1,5         | 1           | 0,05         | 76          | 1,1         |
| Regsberoep                                    | 143         | 2,9         | 10          | 0,6          | 153         | 2,3         |
| Ander geesteswetenskaplikes                   | 30          | 0,6         |             |              | 30          | 0,4         |
| Ander (medici, tandartse, klerke ens.)        | 121         | 2,4         | 39          | 2,3          | 160         | 2,4         |
| Ander   | 139         | 2,8         | 47          | 2,8          | 186         | 2,8         |
| <b>Subtotaal<br/>(ekonomies bedrywig)</b>     | <b>4691</b> | <b>93,8</b> | <b>924</b>  | <b>54,35</b> | <b>5615</b> | <b>83,6</b> |
| <b>Nie ekonomies bedrywig:</b>                |             |             |             |              |             |             |
| Huisvroue                                     |             |             | 707         | 41,5         | 707         | 10,5        |
| Nagraadse studente                            | 212         | 4,2         | 44          | 2,6          | 256         | 3,8         |
| Uitdiensgetredenes                            | 81          | 1,6         | 20          | 1,2          | 101         | 1,5         |
| Werkloos                                      | 9           | 0,2         | 9           | 0,5          | 18          | 0,3         |
| Ander   | 13          | 0,3         |             |              | 13          | 0,2         |
| <b>Subtotaal<br/>(nie ekonomies bedrywig)</b> | <b>315</b>  | <b>6,3</b>  | <b>780</b>  | <b>45,8</b>  | <b>1095</b> | <b>16,3</b> |
| <b>GROOTTOTAAL</b>                            | <b>5006</b> | <b>100</b>  | <b>1704</b> | <b>100</b>   | <b>6710</b> | <b>100</b>  |

Waar hierdie ondersoek oor werktevredenheid gaan, is dit vanselfsprekend dat net persone wat ekonomies bedrywig is, by die ondersoek betrek moet word. Huisvroue, studente, uitdiensgetredenes en werkloses is derhalwe nie in die ondersoekgroep betrek nie. Verder is ook net werknemers in die ondersoekgroep ingesluit aangesien die werksituasie van werknemer en werkgever verskil en die getal werkgewers in die totale groep eintlik te klein vir sinvolle ontleding is.

Tabel 1.5 toon dat die respondentegroep, dit wil sê persone wat een of ander natuurwetenskaplike kwalifikasie behaal het, 'n wye verskeidenheid van beroepe beoefen.

Daar is persone wat tans beroepe beoefen wat baie min verband hou met die natuurwetenskaplike opleiding wat hulle een of ander tyd ondergaan het, byvoorbeeld predikante, lede van die Volksraad en persone wat tans klerklike beroepe beoefen. Daar is ook diegene wat 'n ander beroepsrigting ingeslaan het soos medici, ingenieurs, argitekte en beoefenaars van regsberoewe. 'n Opmerking oor die relatief groot getal ekonome en rekenmeesters is ter sake. In die seleksieprocedure vir die respondentegroep is Wiskunde en Wiskundige Statistiek as natuurwetenskaplike hoofvakke beskou op grond van die feit dat dié vakke hoofsaaklik deur B.Sc.-studente geneem word. Daar was in die respondentegroep egter ook B.Com.'s en B.A.'s met Wiskunde en Wiskundige Statistiek as hoofvakke en dié groep is hoofsaaklik in die ekonomie en rekenmeestersberoep gekonsentreer.

Dit is nodig om in hierdie stadium kennis te neem van 'n bekende loonteorie, die sogenaamde regverdigheidsteorie (equity theory), wat poog om die rol wat salarisse in produksie en die vorming van houdinge teenoor werk speel, te verduidelik. Hierdie teorie is gebou op die kognitiewe dissonansiemotiverings-teorie van Festinger (1957). Hierdie teorie kom daarop neer dat die individu se gedrag gerig word deur pogings om konsistensie in homself te handhaaf deur balans tussen sy kognisies te verkry en te behou. Kognisies word hier gesien as die kennis of beeld wat die individu van homself, sy gedrag en sy omgewing het. Homans (1961) bou nou hierdie teorie uit om dit ook op beloning en straf van toepassing te maak in die sin dat wanneer regverdigheid in beloning en straf plaasvind, kognitiewe balans behou kan word. Regverdigheid (equity) vind in die werksituasie plaas wanneer die persoon se "belegging" gelyk is aan sy "profyt". Beleggings mag dinge soos vaardighede, ouderdom en kwalifikasies insluit. Profyt is dan beloning min koste. Die beloning sal salaris sowel as aspekte wat lei tot die bevrediging van 'n verskeidenheid behoeftes, insluit. Kostes (of straf) word deur die negatiewe kenmerke van die werk, dit wil sê dinge soos verveling en onaangename werkomstandighede, verteerwoordig. Regverdigheid word bereik wanneer die verhouding van kostes tot profyt vir een werknemer nie laer as vir 'n ander werknemer is nie. 'n Werknemer wat meen dat hy regverdig behandel word, verkeer in 'n situasie waarin hy konsistensie in homself kan handhaaf. Die studies van Adams (1963) en Adams en Jacobson (1964) waarin regverdigheidsteorie toegepas op salarisse, sterk na vore kom, het eintlik met onregverdigheid te doen. Salarisonregverdigheid (pay inequity) vind plaas as die verhouding van salaris tot belegging vir een werknemer minder as vir 'n ander vergelykbare werknemer is. Onregverdigheid gee dan onder andere aanleiding tot werkontvredeheid omdat dit dissonansie, die teenoorgestelde van konsistensie, in die kognisies van die persoon in die hand werk. Evans (1970, p. 105) som die teorie van regverdigheid so op.

Regverdigheid vind plaas as

$$\frac{\text{Uitslag vir persoon}}{\text{Inset van persoon}} = \frac{\text{Uitslag vir ander}}{\text{Inset van ander}}$$

Die besondere rol wat onderlinge vergelyking in die teorie speel, blyk duidelik uit die bostaande. Die vergelyking vind nie alleen plaas wanneer die "persoon" en "ander" in direkte wisselwerking teenoor mekaar staan nie, maar kan deur 'n derde "persoon" plaasvind soos wanneer "persoon" en "ander" albei vir dieselfde firma werk.

Heelwat studies behalwe die van Adams, wat reeds genoem is, soos dié van Finn en Lee (1972) en Lawler en O'Hara (1967) het reeds die regverdigheidsteorie ondersteun.

Uit die gegewens van tabel 2.5 kan nie meer afgelei word as wat reeds in die bespreking gesê is nie aangesien die gegewens slegs 'n globale beeld van werktevredenheid volgens salarispeil en groep bied. Die ontleding is egter verder gevoer deur die grootste relatief homogene groep, die manlike beoefenaars van die suiwer natuurwetenskaplike beroepe, volgens ouderdom en salaris te verdeel. Die uitslag van die ontleding volg in tabel 2.6.

Tabel 2.6 is, gevawe die groot getal selle en awesigheid van 'n opvallende patroon moeilik interpreteerbaar. Om die inligting meer oorsigtelik te kry, is die persone in elke ouderdomsgroep in 3 gelyke groepe volgens salarishoogte verdeel. Hierdie verdeling is gedaan soos die gewone kwartiel- of desielberekening en 'n mens sou die snypunte desnoeds trisiele kan noem. Tabel 2.7 gee die uitslag van hierdie berekening. Alhoewel dit natuurlik moontlik is om vir elke ouderdomsgroep die spesifieke salarissnypunt aan te dui, wissel hierdie snypunte van ouderdomsgroep tot ouderdomsgroep en is dit nie in die tabel vervat nie. In tabel 2.7 word die verskille in die vlak van werktevredenheid tussen die onderste en middelste ( $d_1$ ) en middelste en boonste ( $d_2$ ) salarisgroepe aangedui. Figuur 2.3 is 'n voorstelling van die gegewens van tabel 2.7.

Figuur 2.3 toon baie duidelik dat dit byna sonder uitsondering geld dat persone in 'n ouderdomsgroep in die hoogste salarisgroep ook die hoogste vlak van werktevredenheid openbaar, terwyl die in die laagste salarisgroep die laagste vlak van werktevredenheid toon. Die verskille ( $d_1$  en  $d_2$ ) neig ook om effens oor ouderdom toe te neem.

Die gegewens duï dus daarop dat werktevredenheid van natuurwetenskaplikes wel deeglik beïnvloed word deur die relatiewe posisie wat die persoon in die salarishiëargie beklee. Die gegewens kan gedeeltelik deur die regverdigheidsteorie verklaar word. Persone in die laagste salariskategorie in 'n ouderdomsgroep kan die mening toegedaan wees dat sy insette soos opleiding en werkvermoë net so goed is as dié van persone in die hoër kategorieë. Dit is nie nodig dat hierdie gevoel op objektiewe feite moet berus nie. Die meeste studies wat die regverdigheidsteorie steun, is op firmavlak uitgevoer. Die gegewens hier duï daarop dat natuurwetenskaplikes die onderlinge vergelyking nie beperk tot binne 'n spesifieke organisasie nie, maar dat die vergelyking waarskynlik baie breër trek.

TABEL 2.6

## VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN SUIWER NATUURWETENSKAPLIKES VOLGENS OUDERDOM EN SALARIS

| Salaris     | 20-24 |           | 25-29 |           | 30-34 |           | 35-39 |           | 40-44 |           | 45-49 |           | 50-54 |           | 55-59 |           | 60-64 |           | 65+  |           |      |      |
|-------------|-------|-----------|-------|-----------|-------|-----------|-------|-----------|-------|-----------|-------|-----------|-------|-----------|-------|-----------|-------|-----------|------|-----------|------|------|
|             | N     | $\bar{x}$ | N    | $\bar{x}$ |      |      |
| 1- 1999     | 2     | 3,00      | 3     | 2,67      |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |      |           |      |      |
| 2000- 2499  | 4     | 2,25      | 8     | 2,00      |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |      |           |      |      |
| 2500- 2999  | 10    | 3,00      | 11    | 2,55      | 1     | 1,00      |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       | 1         | 1,00 | 1         | 1,00 |      |
| 3000- 3499  | 49    | 2,12      | 68    | 2,22      | 7     | 2,43      |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |      |           |      |      |
| 3500- 3999  | 33    | 2,46      | 91    | 2,29      | 20    | 2,25      | 5     | 2,80      | 1     | 1,00      | 1     | 4,00      |       |           | 1     | 1,00      | 1     | 2,00      |      |           |      |      |
| 4000- 4499  | 17    | 2,00      | 96    | 2,39      | 31    | 2,77      | 7     | 2,14      |       |           | 3     | 4,67      | 1     | 1,00      |       |           |       |           | 1    | 6,00      |      |      |
| 4500- 4999  | 6     | 2,33      | 77    | 2,33      | 69    | 2,41      | 15    | 3,13      | 6     | 1,83      | 1     | 3,00      | 3     | 3,33      |       |           |       |           | 1    | 3,00      | 1    | 2,00 |
| 5000- 5499  | 3     | 1,67      | 50    | 2,18      | 71    | 2,21      | 27    | 2,37      | 5     | 2,20      | 6     | 3,17      | 7     | 2,86      | 3     | 2,33      | 3     | 3,00      |      |           |      |      |
| 5500- 5999  | 1     | 1,00      | 14    | 1,79      | 25    | 2,48      | 18    | 1,69      | 8     | 2,50      | 1     | 3,00      | 2     | 3,50      | 1     | 1,00      |       |           |      |           |      |      |
| 6000- 6999  | 2     | 1,50      | 34    | 2,03      | 110   | 1,92      | 75    | 2,17      | 54    | 2,35      | 31    | 2,13      | 16    | 2,94      | 7     | 2,71      | 5     | 1,80      |      |           |      |      |
| 7000- 7999  |       |           | 11    | 1,82      | 37    | 1,92      | 49    | 1,88      | 35    | 2,44      | 23    | 1,91      | 16    | 2,06      | 5     | 2,80      | 2     | 1,50      |      |           |      |      |
| 8000- 8999  |       |           | 5     | 2,20      | 12    | 1,50      | 22    | 1,68      | 26    | 1,62      | 25    | 2,32      | 18    | 2,72      | 12    | 1,67      | 5     | 2,00      | 2    | 2,00      |      |      |
| 9000- 9999  |       |           | 2     | 3,50      | 3     | 1,33      | 20    | 1,75      | 25    | 1,60      | 14    | 1,79      | 15    | 1,73      | 9     | 1,11      | 7     | 1,86      |      |           |      |      |
| 10000-10999 |       |           | 1     | 1,00      | 6     | 1,33      | 9     | 1,67      | 5     | 2,00      | 12    | 1,17      | 4     | 1,50      | 6     | 1,50      | 3     | 1,67      |      |           |      |      |
| 11000-11999 |       |           |       |           | 4     | 1,00      | 1     | 1,00      | 1     | 2,00      | 1     | 1,00      |       |           |       |           | 2     | 1,50      | 1    | 2,00      |      |      |
| 12000-14999 |       |           |       |           |       | 1         | 1,00  | 8         | 1,75  | 5         | 1,80  | 1         | 1,00  | 3         | 1,67  | 6         | 1,67  | 1         | 1,00 | 1         | 1,00 |      |
| 15000-17999 |       |           |       |           |       |           | 1     | 2,00      |       |           | 1     | 1,00      | 3     | 1,00      | 1     | 1,00      |       |           |      |           |      |      |
| 18000-20999 |       |           |       |           |       |           |       | 1         | 1,00  |           |       |           |       | 1         | 1,00  |           |       |           |      |           |      |      |
| 21000-23999 |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           | 1     | 1,00      |       |           |      |           |      |      |
| 24000+      |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           |       |           | 1    | 1,00      |      |      |
| TOTAAL      | 127   |           | 471   |           | 400   |           | 258   |           | 173   |           | 125   |           | 90    |           | 53    |           | 32    |           | 5    |           |      |      |

Die gegewens in tabelle 2.6 en 2.5 dui egter ook daarop dat ander faktore behalwe die relatiewe posisie van 'n persoon ten opsigte van salaris 'n rol in die vlak van werktevredenheid speel. Die teorie verklaar nie die skommelinge wat oor ouderdom in die vlak van werktevredenheid voorkom nie. Die daling in die vlak van werktevredenheid na 40 jaar wat opmerklik was in figuur 2.1, kom ook weer duidelik na vore in figuur 2.3. Dit is opmerklik dat die vlak van werktevredenheid in die groep met die laagste salaris gedurende hierdie tyd skerp daal. Die daling kom ook by die ander salarisgroepe voor maar is by die hoogste groep nie so duidelik nie en kom ook later voor. 'n Ander konstellasie van faktore, wat waarskynlik eerder verband hou met die persoonlike aspirasies van die individu as sy relatiewe posisie, maar wat deur die relatiewe posisie beïnvloed word, kom na 40-jarige ouderdom na vore (vergelyk bl. 24).

Verder is daar nog die aanduiding dat die spesifieke salariskerf ook 'n rol te speel het. Die groter egaliteit in vlak van werktevredenheid ná die R6000-kerf kan ook nie deur die regverdigheidsteorie verklaar word nie. Hierdie spesifieke salarishoogte kan moontlik verband hou met die bevrediging van sekere "basiese" behoeftes wat teen sodanige kerf bevredig word. In die Staatsdiens en Semi-staatsdiens impliseer 'n salariskerf van R6000 in baie gevalle 'n onlangse bevordering.

Opsommenderwys kan gesê word dat die relatiewe salaris-hoogte van natuurwetenskaplikes beslis 'n rol in die vlak van werktevredenheid van die natuurwetenskaplikes speel, maar dat ander faktore ook betrokke is.

Opsommenderwys sou gesê kan word dat dit duidelik is dat die relatiewe salarisposisie 'n belangrike rol speel in die vlak van werktevredenheid van natuurwetenskaplikes. Die styging ná R6000 soos waargeneem in figuur 2.2 toon egter dat die spesifieke salarishoogte wat verband hou met die bevrediging van basiese behoeftes ook 'n rol speel. 'n Ander konstellasie van faktore wat weer verband hou met die persoonlike aspirasies van die individu kom ter sprake ná 40-jarige ouderdom. Locke (1969) sê dat die oorsake van werktevredenheid nie net in die man of net in die werk te vind is nie, maar in die wisselwerkking tussen die twee. Wernimont en Fitzpatrick (1972) dui in 'n studie oor die betekenis van geld aan dat die regverdigheidsteorie nie hul bevinding dat geld verskillende dinge vir verskillende mense kan beteken, verklaar nie.


TABEL 2.7

GEMIDDELDE VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VOLGENS RELATIEWE PEIL VAN SALARIS EN OUDERDOM, SUIWER NATUURWETENSKAPLIKES

| Peil van salaris         | 20-24     | 25-29     | 30-34     | 35-39     | 40-44     | 45-49     | 50-54     | 55-59     | 60-64     |
|--------------------------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|
|                          | $\bar{x}$ |
| Onderste 3 <sup>e</sup>  | 2,38      | 2,27      | 2,49      | 2,38      | 2,28      | 3,08      | 2,87      | 2,42      | 2,34      |
| $d_1$                    | ,11       | -0,09     | 0,32      | 0,29      | 0,12      | 1,00      | 0,50      | 0,82      | 0,49      |
| Middelste 3 <sup>e</sup> | 2,27      | 2,36      | 2,17      | 2,09      | 2,16      | 2,08      | 2,37      | 1,60      | 1,85      |
| $d_2$                    | 0,13      | 0,12      | 0,38      | 0,36      | 0,49      | 0,47      | 0,64      | 0,17      | 0,03      |
| Boonste 3 <sup>e</sup>   | 2,14      | 2,14      | 1,79      | 1,73      | 1,67      | 1,61      | 1,73      | 1,43      | 1,82      |
| N                        | 127       | 471       | 400       | 258       | 173       | 125       | 90        | 53        | 32        |

FIGUUR 2.3

VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN SUIWER NATUURWETENSKAPLIKES VOLGENS OUDERDOM EN VIR 3 SALARISGROEPE



## 2.6 WERKTEVREDENHEID EN TAALGROEP

Simonetti en Weitz (1972) toon in 'n vergelykende studie oor die werktevredenheid van Japanne, Kanadese en Argentyne aan dat die nasionaliteit van die werker beslis met werktevredenheid in verband gebring kan word. Hierdie bevinding is belangrik want dit toon die probleme met die aanvaarding van navorsingsresultate wat op een volk uitgevoer is, as synde van toepassing op ander volke. Dat daar verband bestaan tussen groepverbintenis en sielkundige veranderlikes word hier in Suid-Afrika vry algemeen aanvaar. Sielkundige toetse word byna deurgaans vir die 4 volksgroepe van Suid-Afrika afsonderlik gestandaardiseer. Blanke Suid-Afrikaners word egter vry algemeen oor een kam geskeer. Daar is egter baie duidelike verskille in die patroon van beroepsbeoefening van Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners (Ebersohn, 1972). Engelssprekende gegradeerde is veel meer geneig om beroepsgerigte kursusse te kies en om in die privaat sektor te werk. Dit is daarom ook wenslik om te bepaal of daar verskille bestaan in die vlak van werktevredenheid van Afrikaans- en Engelssprekende natuurwetenskaplike beroepe volgens geslag en volgens Afrikaans- en Engelssprekendheid verdeel. In totaal was daar 911 Afrikaanssprekende en 808 Engelssprekende mans en 120 Afrikaanssprekende en 177 Engelssprekende vroue in die 5 groepe. Die verdeling as Afrikaans- of Engelssprekend geskied op grond van die taal waarin korrespondensie verkies word.

Tabel 2.8 toon die gemiddelde vlak op die algemene vraagten opsigte van werktevredenheid.

TABEL 2.8

VLAK VAN WERKTEVREDENHEID VAN SUIWER NATUURWETENSKAPLIKES VOLGENS TAALGROEP EN GESLAG

|       | Werktevredenheid |             |       |     |             |       |                         |               |
|-------|------------------|-------------|-------|-----|-------------|-------|-------------------------|---------------|
|       | Afr.             |             | Eng.  |     | Verskil     |       |                         |               |
|       | N                | $\bar{x}_1$ | $s_1$ | N   | $\bar{x}_2$ | $s_2$ | $\bar{x}_1 - \bar{x}_2$ | $s_{\bar{x}}$ |
| Mans  | 911              | 2,10        | 1,12  | 808 | 2,24        | 1,20  | -0,14**                 |               |
| Vroue | 120              | 2,00        | 1,07  | 177 | 2,08        | 1,19  | -0,08                   |               |

\*\*Bedeudend op die 5%-peil

Tabel 2.8 toon aan dat die Afrikaanssprekende natuurwetenskaplikes ietwat meer tevrede as die Engelssprekendes is. Die verskil is egter slegs by die mans beduidend.

## HOOFSTUK 3

### BELANGRIK GEAGTE KENMERKE VAN 'N BEROEP

#### 3.1 INLEIDING

Alhoewel daar nie 'n poging aangewend is om die beoordeeling van werkkenmerke van die werksituasie in die meting van werktevredenheid te inkorporeer nie, is daar gepoog om die belangrikheid van sekere kenmerke van die werksituasie vir natuurwetenskaplikes te bepaal. Die respondentie is naamlik versoek om elke werkkenmerk wat in die vraelys gelys is, te beoordeel deur aan te toon hoe belangrik dié kenmerk vir hom/haar in 'n beroep is (vraag 9, gedeelte A).

In die meting van werktevredenheid deur middel van die JDI (Job Description Index) (Smith et al., 1969) is aan 5 kenmerke van die werksituasie aandag gegee. Hierdie kenmerke is die werk self (omstandigheid), besoldiging, bevordering, toesighouding en verhouding met medewerkers. Die kenmerke wat in die vraelys vir hierdie ondersoek gelys is, het te doen met die werk self, besoldiging en bevordering. Geen aandag is aan die interaksie met medewerkers en pertinent aan toesighouding gegee nie. 'n Toesighouer kan vervang word en medewerkers wissel, en omdat dit in die vraelys gegaan het oor 'n beroep en nie oor dié beroep wat die persoon op die spesifieke tydstip beoefen nie, is kenmerke wat nie op die laasgenoemde aspekte betrekking het nie, nie in die vraelys opgeneem nie. Die beoordeling van die kenmerke het volgens 'n 9-puntskaal geskied.

#### 3.2 BEOORDELING VAN BELANGRIKHED VAN SEKERE WERKKENMERKE

In tabel 3.1 word die gemiddelde syfer van belangrikheid vir die verskillende kenmerke volgens natuurwetenskaplike groep aangetoon. In tabel 3.2 word die rangorde vir elke eienskap in elke groep aangedui. Vir doeleindes van die rangorde word die belangrikheidsindeks tot die eerste desimaal benader. Hoe kleiner die syfer hoe belangriker is die eienskap. Die gegewens van tabel 3.1 toon dat daar duidelike verskille tussen die groepe bestaan in die beoordeling van die belangrikheid van die gelyste werkkenmerke in 'n beroep. Sommige van die eienskappe word by al die groepe baie belangrik beskou. Van al die eienskappe word "uitdaging wat die werk bied", as dié belangrikste eienskap van die gelyste eienskappe beskou. Ooreenstemming in die beoordeling van die ander eienskappe is nie so duidelik nie. Onder die eienskappe wat baie belangrik geag word, is "bevordering volgens meriete" en "gebruik van persoonlike vermoëns". 'n "Goeie salaris" kom ongeveer 5de tot 6de op die rangorde van eienskappe voor. Die eienskappe wat nie as baie belangrik be-

TABEL 3.1

## BEDOEIDING VAN DIE MATE WAARIN KENMERKE VAN 'N BERDOP BELANGRIK IS

(a) Mens

| Werkkenmerke                     | Aardwetenskaplikes |           |      | Bioloë |           |      | Chemici |           |      | Fisici |           |      | Wiskundiges |           |      | Onderwysers |           |      | Lektore |           |      | Bestuurders |           |      |
|----------------------------------|--------------------|-----------|------|--------|-----------|------|---------|-----------|------|--------|-----------|------|-------------|-----------|------|-------------|-----------|------|---------|-----------|------|-------------|-----------|------|
|                                  | N                  | $\bar{x}$ | S    | N      | $\bar{x}$ | S    | N       | $\bar{x}$ | S    | N      | $\bar{x}$ | S    | N           | $\bar{x}$ | S    | N           | $\bar{x}$ | S    | N       | $\bar{x}$ | S    | N           | $\bar{x}$ | S    |
| Geleenheid vir bevordering       | 266                | 2,61      | 1,76 | 466    | 2,67      | 1,79 | 491     | 2,55      | 1,75 | 147    | 2,94      | 1,71 | 319         | 2,54      | 1,67 | 838         | 2,77      | 1,88 | 608     | 3,10      | 2,01 | 643         | 2,65      | 1,81 |
| Uitdagig wat werk bied           | 269                | 2,33      | 1,45 | 468    | 2,26      | 1,62 | 493     | 2,46      | 1,61 | 148    | 2,26      | 1,45 | 319         | 2,33      | 1,53 | 839         | 2,52      | 1,60 | 618     | 2,24      | 1,49 | 651         | 2,18      | 1,39 |
| Goeie salaris                    | 268                | 3,24      | 1,62 | 468    | 2,99      | 1,70 | 495     | 2,98      | 1,60 | 148    | 3,35      | 1,74 | 319         | 2,97      | 1,44 | 842         | 3,14      | 1,81 | 615     | 3,24      | 1,74 | 651         | 3,15      | 1,56 |
| Goede byvoordele                 | 265                | 4,90      | 2,09 | 461    | 4,73      | 2,24 | 488     | 4,85      | 2,14 | 147    | 4,98      | 2,11 | 318         | 4,97      | 2,18 | 825         | 4,17      | 2,31 | 596     | 4,75      | 2,29 | 644         | 5,05      | 2,14 |
| Verskeidenheid in werk-situasie  | 268                | 3,15      | 1,81 | 464    | 3,59      | 2,02 | 491     | 3,50      | 1,79 | 148    | 3,76      | 2,03 | 318         | 3,48      | 1,89 | 828         | 3,62      | 1,92 | 597     | 3,52      | 1,96 | 646         | 3,40      | 1,88 |
| Gebruik van persoonlike vermoëns | 269                | 2,59      | 1,53 | 476    | 2,46      | 1,58 | 489     | 2,77      | 1,64 | 149    | 2,60      | 1,63 | 319         | 2,56      | 1,49 | 844         | 2,59      | 1,56 | 607     | 2,33      | 1,52 | 650         | 2,52      | 1,68 |
| Verantwoordelikheid van werk     | 268                | 3,21      | 1,69 | 468    | 3,27      | 1,94 | 490     | 3,25      | 1,80 | 148    | 3,61      | 1,90 | 315         | 3,40      | 1,91 | 844         | 2,68      | 1,67 | 607     | 2,92      | 1,86 | 650         | 2,54      | 1,53 |
| Sekuriteit wat werk bied         | 269                | 3,61      | 2,22 | 465    | 3,28      | 2,15 | 491     | 3,50      | 2,08 | 147    | 3,74      | 2,15 | 316         | 4,07      | 2,23 | 840         | 2,46      | 1,73 | 614     | 3,00      | 1,97 | 648         | 4,13      | 2,17 |
| Aandeel in beleidsbesluite       | 267                | 3,96      | 2,08 | 466    | 3,89      | 2,16 | 487     | 4,26      | 2,13 | 147    | 4,10      | 2,11 | 317         | 4,27      | 2,24 | 836         | 3,78      | 2,11 | 599     | 3,99      | 2,20 | 650         | 2,83      | 1,77 |
| Status van beroep                | 268                | 4,87      | 2,25 | 458    | 5,22      | 2,39 | 487     | 5,16      | 2,28 | 147    | 5,20      | 2,26 | 317         | 5,36      | 2,35 | 837         | 3,88      | 2,20 | 607     | 4,78      | 2,30 | 645         | 4,78      | 2,10 |
| Bevordering volgens meriete      | 258                | 2,47      | 1,81 | 454    | 2,51      | 1,83 | 483     | 2,51      | 1,66 | 146    | 2,68      | 1,58 | 317         | 2,32      | 1,60 | 825         | 2,62      | 1,88 | 566     | 2,73      | 1,95 | 634         | 2,65      | 1,91 |

(b) Vroue

| Werkkenmerke                     | Bioloë |           |      | Chemici |           |      | Wiskundiges |           |      | Onderwysesresse |           |      | Lektrises |           |      |
|----------------------------------|--------|-----------|------|---------|-----------|------|-------------|-----------|------|-----------------|-----------|------|-----------|-----------|------|
|                                  | N      | $\bar{x}$ | S    | N       | $\bar{x}$ | S    | N           | $\bar{x}$ | S    | N               | $\bar{x}$ | S    | N         | $\bar{x}$ | S    |
| Geleenheid vir bevordering       | 133    | 3,65      | 2,33 | 63      | 3,76      | 2,02 | 92          | 3,59      | 1,95 | 352             | 4,27      | 2,46 | 88        | 3,97      | 2,40 |
| Uitdagig wat werk bied           | 134    | 2,28      | 1,54 | 64      | 2,53      | 1,78 | 94          | 2,26      | 1,41 | 361             | 2,48      | 1,65 | 90        | 2,07      | 1,38 |
| Goeie salaris                    | 132    | 3,55      | 1,76 | 63      | 2,98      | 1,67 | 93          | 3,40      | 1,58 | 360             | 3,66      | 2,01 | 90        | 3,56      | 1,98 |
| Goede byvoordele                 | 133    | 5,52      | 2,45 | 61      | 5,08      | 2,35 | 92          | 5,54      | 2,13 | 345             | 5,46      | 2,44 | 83        | 5,86      | 2,42 |
| Verskeidenheid in werksituasie   | 127    | 3,18      | 1,83 | 64      | 2,55      | 1,79 | 94          | 3,05      | 1,59 | 351             | 3,37      | 2,22 | 66        | 3,06      | 1,62 |
| Gebruik van persoonlike vermoëns | 130    | 2,40      | 1,55 | 63      | 2,84      | 2,01 | 92          | 2,74      | 1,46 | 361             | 2,55      | 1,56 | 69        | 2,15      | 1,34 |
| Verantwoordelikheid van werk     | 130    | 3,72      | 2,00 | 63      | 3,75      | 2,01 | 92          | 4,25      | 1,82 | 359             | 3,20      | 1,94 | 87        | 3,15      | 2,11 |
| Sekuriteit wat werk bied         | 131    | 3,87      | 2,25 | 62      | 3,65      | 2,31 | 92          | 4,38      | 2,35 | 354             | 3,38      | 2,26 | 87        | 3,17      | 2,33 |
| Aandeel in beleidsbesluite       | 128    | 5,88      | 2,34 | 61      | 5,90      | 2,09 | 94          | 6,05      | 1,96 | 346             | 5,01      | 2,37 | 86        | 4,49      | 2,42 |
| Status van beroep                | 131    | 5,62      | 2,08 | 61      | 5,33      | 2,06 | 91          | 5,91      | 1,85 | 354             | 4,73      | 2,44 | 85        | 5,19      | 2,22 |
| Bevordering volgens meriete      | 131    | 3,03      | 2,00 | 61      | 2,66      | 2,02 | 92          | 2,79      | 1,83 | 346             | 3,38      | 2,37 | 85        | 2,99      | 2,26 |

TABEL 3.2

GEMIDDELDE SYFERS VIR BEODDDELING VAN BELANGRIKHEID VAN WERKENMERKE VOLGENS NATUURWETENSKAPLIKE GROEP

(a) Mans

| Werkenmerke                      | Aardwetenskappe |           | Bioloë |           | Chemici |           | Fisici |           | Wiskundiges |           | Onderwysers |           | Lekture |           | Bestuurders |           |
|----------------------------------|-----------------|-----------|--------|-----------|---------|-----------|--------|-----------|-------------|-----------|-------------|-----------|---------|-----------|-------------|-----------|
|                                  | Syfer           | Rang=orde | Syfer  | Rang=orde | Syfer   | Rang=orde | Syfer  | Rang=orde | Syfer       | Rang=orde | Syfer       | Rang=orde | Syfer   | Rang=orde | Syfer       | Rang=orde |
| Geleenheid vir bevordering       | 2,6             | 3,5       | 2,7    | 4         | 2,6     | 3         | 2,9    | 4         | 2,5         | 3         | 2,8         | 6         | 3,1     | 6         | 2,7         | 4,5       |
| Uitdaging wat werk bied          | 2,3             | 1         | 2,3    | 1         | 2,5     | 1,5       | 2,3    | 1         | 2,3         | 1         | 2,5         | 1,5       | 2,2     | 1         | 2,2         | 1         |
| Goeie salaris                    | 3,2             | 6         | 3,0    | 5         | 3,0     | 5         | 3,4    | 5         | 3,0         | 5         | 3,1         | 7         | 3,2     | 7         | 3,2         | 7         |
| Goeie byvoordele                 | 4,9             | 10,5      | 4,7    | 10        | 4,9     | 10        | 5,0    | 10        | 5,0         | 10        | 4,2         | 11        | 4,8     | 10,5      | 5,1         | 11        |
| Verskeidenheid in werksituasie   | 3,2             | 6         | 3,6    | 8         | 3,5     | 7,5       | 3,8    | 8         | 3,5         | 7         | 3,6         | 8         | 3,5     | 8         | 3,4         | 8         |
| Gebruik van persoonlike vermoëns | 2,6             | 3,5       | 2,5    | 2,5       | 2,8     | 4         | 2,6    | 2         | 2,6         | 4         | 2,6         | 3,5       | 2,3     | 2         | 2,5         | 2,5       |
| Verantwoordelikheid van werk     | 3,2             | 6         | 3,3    | 6,5       | 3,3     | 6         | 3,6    | 6         | 3,4         | 6         | 2,7         | 5         | 2,9     | 4         | 2,5         | 2,5       |
| Sekuriteit wat werk bied         | 3,6             | 8         | 3,3    | 6,5       | 3,5     | 7,5       | 3,7    | 7         | 4,1         | 8         | 2,5         | 1,5       | 3,0     | 5         | 4,1         | 9         |
| Aandeel in beleidsbesluite       | 4,0             | 9         | 3,9    | 9         | 4,3     | 9         | 4,1    | 9         | 4,3         | 9         | 3,8         | 9         | 4,0     | 9         | 2,8         | 6         |
| Status van beroep                | 4,9             | 10,5      | 5,2    | 11        | 5,2     | 11        | 5,2    | 11        | 5,4         | 11        | 3,9         | 10        | 4,8     | 10,5      | 4,8         | 10        |
| Bevordering volgens meriete      | 2,5             | 2         | 2,5    | 2,5       | 2,5     | 1,5       | 2,7    | 2         | 2,3         | 1,5       | 2,6         | 3,5       | 2,7     | 3         | 2,7         | 4,5       |

(b) Vroue

| Werkenmerke                      | Bioloë |           | Chemici |           | Wiskundiges |           | Onderwyse=resse |           | Lektrises |           |
|----------------------------------|--------|-----------|---------|-----------|-------------|-----------|-----------------|-----------|-----------|-----------|
|                                  | Syfer  | Rang=orde | Syfer   | Rang=orde | Syfer       | Rang=orde | Syfer           | Rang=orde | Syfer     | Rang=orde |
| Geleenheid vir bevordering       | 3,7    | 6,5       | 3,8     | 7,5       | 3,6         | 6         | 4,3             | 8         | 4,0       | 8         |
| Uitdaging wat werk bied          | 2,3    | 1         | 2,5     | 1         | 2,3         | 1         | 2,5             | 1         | 2,1       | 1         |
| Goeie salaris                    | 3,6    | 5         | 3,0     | 5         | 3,4         | 5         | 3,7             | 7         | 3,6       | 7         |
| Goeie byvoordele                 | 5,5    | 9         | 5,1     | 9         | 5,4         | 9         | 5,5             | 11        | 5,9       | 11        |
| Verskeidenheid in werksituasie   | 3,2    | 4         | 2,6     | 2         | 3,1         | 4         | 3,4             | 5         | 3,1       | 6         |
| Gebruik van persoonlike vermoëns | 2,4    | 2         | 2,8     | 4         | 2,7         | 2         | 2,6             | 2         | 2,2       | 2         |
| Verantwoordelikheid van werk     | 3,7    | 6,5       | 3,8     | 7,5       | 4,3         | 7         | 3,2             | 3         | 3,2       | 3,5       |
| Sekuriteit wat werk bied         | 3,9    | 8         | 3,7     | 6         | 4,4         | 8         | 3,4             | 5         | 3,2       | 3,5       |
| Aandeel in beleidsbesluite       | 5,9    | 11        | 5,9     | 11        | 6,1         | 11        | 5,0             | 10        | 4,5       | 9         |
| Status van beroep                | 5,6    | 10        | 5,3     | 10        | 5,9         | 10        | 4,7             | 9         | 5,2       | 10        |
| Bevordering volgens meriete      | 3,0    | 3         | 2,7     | 3         | 2,8         | 3         | 3,4             | 5         | 3,0       | 5         |

skou word nie is "goeie byvoordele", "status van die beroep" en "aandeel in beleidsbesluite".

Daar kom interessante verskille tussen die groepe onderling voor. Onderwysers verskil heelwat in hul beoordeling van kenmerke van dié meer suwer natuurwetenskaplike groepe. "Status van die beroep" en "sekuriteit wat die werk bied" word deur onderwysers in 'n veel groter mate as die ander groepe as belangrik beskou. Wiskundiges is meer geneig om die "sekuriteit wat die werk bied", as minder belangrik te beskou.

Vroue verskil ook in enkele opsigte in hul beoordeling van dié van mans. "Geleenheid vir bevordering" en "goeie byvoordele" word relatief minder belangrik geag.

Dié kenmerke wat normaalweg as baie belangrik beskou word, word deur Herzberg die intrinsieke kenmerke genoem en dié wat as minder belangrike eienskappe beskou word, word gewoonlik die ekstrinsieke faktore genoem. Op die oog af ondersteun hierdie uitslag die teorie van Herzberg want dié teorie postuleer nie slegs die belangrikheid van die intrinsieke eienskappe van die werk nie, maar ook dat die eienskappe alleen verantwoordelik is vir werktevredenheid. Soos Herzberg sê "The opposite of job satisfaction would not be job dissatisfaction, but rather no job satisfaction; and similarly the opposite of job dissatisfaction is no job dissatisfaction - not satisfaction" (Lindsay, 1967, p. 331).

Nou moet in gedagte gehou word dat van die eienskappe wat as minder belangrike eienskappe beskou word, al in 'n groot mate as 'n integrerende deel van die werk beskou kan word. Dit is geensins meer 'n nuutjie om aan 'n pensioenfonds te behoort of om 'n vakansiebonus te ontvang nie of om 'n groot mate van werksekeriteit te hê nie. Sou 'n werkgever dit waag om hierdie algemene voordele weg te neem, is dit moeilik om in te sien dat daar slegs 'n relatief apatiese nie-tevredenheid sou ontstaan. Daar is buitendien ook 'n groot groep persone wat die ekstrinsieke faktore as baie belangrik in 'n beroep beskou.

Dit is ook belangrik om te onthou dat die ekstrinsieke faktore soos byvoordele, en sekuriteit wat as relatief onbelangrik beskou word, daardie faktore is wat die maklikste deur die werkgever gemanipuleer kan word. Terselfdertyd kan die werker self, deur werkgerigte gedrag, betreklik min aan die faktore doen. Dit is dus moontlik dat die werkgever hierdie faktore tot bevrediging van die werker gemanipuleer het, sodat dit in Wolf (1970) se terminologie nie meer aktiewe behoeftes van die werker is nie. Aan die intrinsieke eienskappe soos die uitda-

ging van die werk, geleenthede vir bevordering, verskeidenheid in die werksituasie, kan die werkgewer nie so maklik veranderinge aanbring nie want die werk self stel sekere eise. Hierdie behoeftes kan dus nou eerder op die aktiewe behoeftevlak lê.

Hoe dit ook al sy, die intrinsieke eienskappe van 'n beroep word deur die natuurwetenskaplikes hoog aangeslaan.

### 3.3 BEOORDELING VAN WERKKENMERKE EN TAALGROEP

In paragraaf 2.6 is aangetoon dat daar verskille bestaan in die algemene vlak van die werktevredenheid van Afrikaans- en Engelssprekende natuurwetenskaplikes. In hierdie paragraaf word nagegaan of daar verskil tussen die beoordeling van die twee taalgroepe met betrekking tot die belangrikheid van die gelyste werkkenmerke is.

In tabel 3.3 word die gemiddelde syfer van die beoordeling van die verskillende werkkenmerke volgens taalgroep aangevoer. Figuur 3.1 is 'n voorstelling van hierdie gegevens.

Slegs die 5 suiwer natuurwetenskaplike groepe is by hierdie ontleding ingesluit en hulle word as 'n enkele groep behandel.

Tabel 3.3 en figuur 3.1 toon dat sommige van die kenmerke beduidend verskillend deur Afrikaans- en Engelssprekendes beoordeel word. By mans is hierdie kenmerke "goeie salaris", "goeie byvoordele", "verskeidenheid in die werksituasie", en "sekuriteit wat die werk bied". By vroue word beduidende verskille ten opsigte van "goeie byvoordele", "gebruik van persoonlike vermoëns", "verantwoordelikheid van die werk" en "sekuriteit wat werk bied" aangetoon.

Opmerklik is veral die neiging by Engelssprekendes om kenmerke minder belangrik as Afrikaanssprekendes te beskou. By bogenoemde kenmerke is dit slegs "verskeidenheid in die werksituasie" wat Engelssprekendes belangriker as Afrikaanssprekendes beskou. Studies oor kulture heen (crcss-cultural) in verband met werktevredenheid soos die van Slocum en Strawser (1972), Slocum en Topichak (1972), Simonetti en Weitz (1972) en O'Reilly en Roberts (1973) het aangetoon dat groepe met verskillende kulturele agtergrond, verskillende vlakke van werktevredenheid openbaar. Hulle bied egter geen verklarings vir die verskille aan nie. Simonetti en Weitz (1972, p. 118) merk verder op dat "with respect to the predictive efficiencies of theories which set specific priorities to values of components of overall satisfaction, it is clear they would have suffered."

TABEL 3.3

BEOORDELING VAN WERKENMERKE VOLGENS GESLAG EN TAALGROEP,  
SUIWER NATUUFWETENSKAPLIKES

(a) Mans

|    | Kenmerk                               |      | N   | $\bar{X}$ | S      |
|----|---------------------------------------|------|-----|-----------|--------|
| 1  | Geleenheid vir bevordering            | Afr. | 897 | 2,55      | 1,689  |
|    |                                       | Eng. | 792 | 2,70      | 1,818  |
| 2  | Uitdaging wat werk bied               | Afr. | 898 | 2,37      | 1,147  |
|    |                                       | Eng. | 799 | 2,31      | 1,576  |
| 3  | Goeie salaris                         | Afr. | 898 | 2,90      | 1,592* |
|    |                                       | Eng. | 800 | 3,22      | 1,638  |
| 4  | Goeie byvoordele                      | Afr. | 891 | 4,17      | 2,039* |
|    |                                       | Eng. | 788 | 5,64      | 2,041  |
| 5  | Verskeidenheid in die<br>werksituasie | Afr. | 891 | 3,67      | 1,964* |
|    |                                       | Eng. | 798 | 3,28      | 1,813  |
| 6  | Gebruik van persoonlike<br>vermoëns   | Afr. | 895 | 2,60      | 1,525  |
|    |                                       | Eng. | 798 | 2,60      | 1,645  |
| 7  | Verantwoordelikheid van<br>die werk   | Afr. | 894 | 3,04      | 1,714  |
|    |                                       | Eng. | 795 | 3,62      | 1,959  |
| 8  | Sekuriteit wat werk bied              | Afr. | 895 | 3,13      | 2,014* |
|    |                                       | Eng. | 793 | 4,09      | 2,230  |
| 9  | Aandeel in beleidsbesluite            | Afr. | 895 | 4,03      | 2,126  |
|    |                                       | Eng. | 789 | 4,17      | 2,189  |
| 10 | Status van die beroep                 | Afr. | 891 | 5,07      | 2,322  |
|    |                                       | Eng. | 786 | 5,28      | 2,316  |
| 11 | Bevordering volgens<br>meriete        | Afr. | 893 | 2,54      | 1,736  |
|    |                                       | Eng. | 785 | 2,41      | 1,653  |

/tabel vervolg


TABEL 3.3 VERVOLG

(b) Vroue

|    | Kenmerk                            |      | N   | $\bar{X}$ | S      |
|----|------------------------------------|------|-----|-----------|--------|
| 1  | Geleenheid vir bevordering         | Afr. | 119 | 3,35      | 2,129  |
|    |                                    | Eng. | 169 | 3,86      | 2,145  |
| 2  | Uitdagting wat werk bied           | Afr. | 119 | 2,53      | 1,714  |
|    |                                    | Eng. | 173 | 2,19      | 1,432  |
| 3  | Goeie salaris                      | Afr. | 119 | 3,03      | 1,544  |
|    |                                    | Eng. | 169 | 3,62      | 1,760  |
| 4  | Goeie byvoordele                   | Afr. | 118 | 4,61      | 2,314* |
|    |                                    | Eng. | 166 | 6,01      | 2,171  |
| 5  | Verskeidenheid in die werksituasie | Afr. | 116 | 3,16      | 1,871  |
|    |                                    | Eng. | 169 | 2,88      | 1,674  |
| 6  | Gebruik van persoonlike vermoëns   | Afr. | 118 | 2,36      | 1,412* |
|    |                                    | Eng. | 167 | 2,78      | 1,776  |
| 7  | Verantwoordelikheid van die werk   | Afr. | 116 | 3,18      | 1,755* |
|    |                                    | Eng. | 169 | 4,38      | 1,940  |
| 8  | Sekuriteit wat werk bied           | Afr. | 114 | 3,39      | 2,046* |
|    |                                    | Eng. | 171 | 4,39      | 2,392  |
| 9  | Aandeel in beleidsbesluite         | Afr. | 113 | 5,92      | 2,312  |
|    |                                    | Eng. | 168 | 5,95      | 2,067  |
| 10 | Status van die beroep              | Afr. | 116 | 5,72      | 2,096  |
|    |                                    | Eng. | 167 | 5,60      | 1,955  |
| 11 | Bevordering volgens meriete        | Afr. | 116 | 2,74      | 1,752  |
|    |                                    | Eng. | 168 | 2,96      | 2,061  |


\*Bedeudend op 1%-peil

FIGUUR 3.1  
BELANGRIKHEID VAN WERKKENMERKE VIR SUIWER NATUURWETENSAPLIKES VOLGENS TAALGROEP  
(a) Mans



FIGUUR 3.1 VERVOLG

(b) Vroue



Hierdie studie bied natuurlik ook geen verklaring vir die verskille nie, maar tabel 3.3 toon dat die grootste verskil=le vir beoordeling ter opsigte van die kenmerke "sekuriteit wat die werk bied" en "goeie byvcordele" bestaan. Gesien in die lig van die lotgevalle van die Afrikaner sedert 1902 is dit miskien te verwagte dat Afrikaanssprekendes hierdie eien=skap heelwat hoër as Engelssprekendes sal aanslaan. Die de=pressie van 1933 en die situasie van baie Afrikaanssprekendes gedurende Wêreldoorlog II, die eerblanke vraagstuk (wat byna 'n Afrikaanssprekende vraagstuk was) wat glad nie so ver in die verskiet lê nie, kon veroorsaak het dat die Afrikaanssprekende 'n groter behoefte aan sekuriteit het as wat die geval met die Engelssprekerde is. Die verskille in die siening van salarisne en byvcordele en selfs ten opsigte van verskeidenheid in die werksituasie, sou dus miskien in terme van 'n groter behoefte aan sekuriteit verklaar kor word. Daarom dan ook dat die Afrikaanssprekende wel meer geneig is om in die owerheidsektor werkzaam te wees. Die hoë mate van werksekuritiet wat hierdie werkge=wers bied, is wel bekend.

### 3.4 MATE WAARIN DIE HUIDIGE BEROEP AAN WERKKENMERKE WAT BAIE EELANGRIK GEAG WORD, VOLDOEN

Tabel 3.4 toon in welke mate die beroep wat tans beoefen word, aan daardie eienskappe wat deur die respondentie as baie belangrik in 'n beroep beskou word, voldoen (vraag 9, gedeelte B). Slegs diegene dus wat 'n eienskap as baie belangrik beskou, is in hierdie ortleding betrek. Om 'n oorsigtelike beeld van die resultate te gee, word weer van gemiddeldes gebruik gemaak al het die beoordeling hier op slegs 'n 3-puntskaal van goed, redelik en swak geskied. Soos gewoonlik, hoe kleiner die syfer hoe beter word aan die kermerk voldoen. Figuur 3.2 is 'n voor=stellring van die gegewers van tabel 3.4.

Uit die figuur is dit duidelik dat die 5 suwer natuurwetenskaplike groepe by mans die mate van voldoening besonder eenders beoordeel. Slegs Wiskundiges en Bestuurders wyk effens van die patrone af deurdat hulle van mening is dat hul huidige beroep een al die kermerke beter as redelik voldoen. Dit is interessant om daarop te let dat slegs onderwysers van mening is dat hul beroep swakkerig voldoen aan die eienskap "bevordering volgens meriete". Die profiele vir vroue verskil orderling heelwat. Dit is verder opmerklik dat die profiel vir onderwyseresse baie ncu ooreenkoms met die van onderwysers. Oor die algemeen is vroue in vergelyking met mans van mening dat hul beroepe swakker aan die werkkenmerke voldoen. Die teenoor=gestelde geld egter in die onderwysberoep.

TABEL 3.4

MATE WAARIN HUIOGIE BEROEP AAN KENMERKE WAT BAIE SELANGRIK GEAG WORD, VOLDOEN WORD VOLGENS NATUURWETENSKAPLIKE GROEP

(a) Mans


| Werkkenmerke                     | Aardweten-skaplikes |           |      | Bioloë |           |      | Chemici |           |      | Fisici |           |      | Wiskundiges |           |      | Onderwysers |           |      | Lektoere |           |      | Bestuurders |           |      |
|----------------------------------|---------------------|-----------|------|--------|-----------|------|---------|-----------|------|--------|-----------|------|-------------|-----------|------|-------------|-----------|------|----------|-----------|------|-------------|-----------|------|
|                                  | N                   | $\bar{x}$ | S    | N      | $\bar{x}$ | S    | N       | $\bar{x}$ | S    | N      | $\bar{x}$ | S    | N           | $\bar{x}$ | S    | N           | $\bar{x}$ | S    | N        | $\bar{x}$ | S    | N           | $\bar{x}$ | S    |
| Geleentheid vir bevordering      | 171                 | 1,99      | 0,74 | 292    | 1,98      | 0,70 | 338     | 2,02      | 0,71 | 86     | 1,92      | 0,73 | 219         | 1,74      | 0,73 | 533         | 1,81      | 0,69 | 543      | 1,92      | 0,70 | 433         | 1,62      | 0,68 |
| Uitdaging wat werk bied          | 185                 | 1,52      | 0,67 | 341    | 1,37      | 0,58 | 333     | 1,50      | 0,66 | 111    | 1,52      | 0,61 | 234         | 1,46      | 0,63 | 575         | 1,36      | 0,58 | 463      | 1,30      | 0,52 | 486         | 1,34      | 0,56 |
| Goeie salaris                    | 128                 | 1,77      | 0,65 | 253    | 2,13      | 0,67 | 272     | 1,93      | 0,64 | 69     | 2,04      | 0,71 | 185         | 1,80      | 0,66 | 435         | 1,89      | 0,61 | 299      | 1,95      | 0,64 | 315         | 1,69      | 0,59 |
| Goeie byvoordele                 | 57                  | 1,74      | 0,70 | 121    | 1,92      | 0,80 | 110     | 1,79      | 0,80 | 31     | 1,81      | 0,69 | 24          | 1,77      | 0,71 | 305         | 2,20      | 0,71 | 153      | 1,96      | 0,74 | 124         | 1,77      | 0,79 |
| Verskeidenheid in werksituasie   | 145                 | 1,53      | 0,65 | 212    | 1,35      | 0,53 | 230     | 1,52      | 0,66 | 67     | 1,45      | 0,53 | 158         | 1,51      | 0,62 | 379         | 1,68      | 0,69 | 290      | 1,41      | 0,62 | 308         | 1,31      | 0,54 |
